



## Die beskerming van persoonlike inligting – wat hou POPIA vir ons in?

Teken in om 'n  
skakel na blitspos te  
ontvang

Nuus, berigte en  
kort kommentaar  
(uiters 100 woorde)  
aan  
produksie@nhk.co.za

Webblad van die  
Hervormde Kerk  
www.nhka.org

Die redaksie aanvaar  
verantwoordelikheid  
vir die inhoud.  
Menings deur  
skrywers uitgespreek,  
is egter nie  
noodwendig die  
beleid of standpunt  
van die Hervormde  
Kerk nie.

**Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet No 4 van 2013, ook bekend as POPIA, tree op 1 Julie 2021 in werking, en dit geld vir alle individue en instansies. Hoe raak dit ons en ons gemeentes se alledaagse lewe?**

Hierdie Wet beskerm die individu se grondwetlike reg tot privaatheid meer as ooit tevore. Dit beteken nie dat POPIA jou beskerm as jy ondeurdatte plasings op sosiale media maak nie. Intendeel, soos wat my lektor in Inligtingkunde op universiteit verduidelik het: *Plaas of deel materiaal éérs nadat jy oorweeg het of dit iets is wat jy in die gewone wêreld vir iemand sou sê of wys.*

Die wetgewing is ingestel om die hantering van private inligting deur openbare en private instansies te reguleer en om te verhoed dat inligting onregmatig en sonder toestemming gebruik word. Jy het nou die reg om by enige instansie navraag te doen oor die persoonlike inligting wat hulle oor jou bewaar, om die inligting op te dateer, of om te versoek dat hulle dit verwyder. Dit beteken nie dat bemarkingsmaatskappye oornag gaan ophou om jou te skakel of op ander maniere te kontak nie, maar nou is die wet aan jou kant indien jy versoek dat hulle jou kontakbesonderhede uit hul databasis moet verwyder.

Terwyl die wetgewing ons persoonlike regte beskerm, plaas dit egter groot verantwoordelikhede op ons gemeentes. Elke gemeente moet nou 'n vorm aan lidmate stuur wat verduidelik watter inligting die gemeente oor lidmate op rekord het, waarvoor daardie inligting aangewend word, en hoe die inligting bewaar word. Lidmate moet uitgenooi word om hul persoonlike inligting te wysig of te versoek dat dit verwyder word.

Gemeentes versamel nog al die jare lidmate se inligting om doop- en lidmaatregisters op datum te hou, inligting uit te stuur en met lidmate kontak te behou. In die vreemde situasie waarin die Covid-19-pandemie ons gedompel het, is elektroniese kommunikasie uiters belangrik. Gemeentes hoef nie nou met hierdie kommunikasie op te hou as gevolg van die nuwe wetgewing nie, maar elke gemeente moet nou mooi besin oor watter inligting bewaar word en waarvoor daardie inligting gebruik word.

Enige inligting wat 'n persoon identifiseer, is private inligting. Elke gemeente is verplig om agt spesifieke voorwaardes (**sien volgende bladsy**) wat geld vir die versameling en berging van persoonlike inligting, in gedagte te hou.

'n Gemeente kan aan die vereistes van die Wet voldoen deur byvoorbeeld 'n brief aan elke lidmaat te rig waarin hulle alles verduidelik, en onderaan te versoek dat die lidmaat die gemeente toestemming gee om die inligting te bewaar en vir kerklike doeleindes te gebruik. Dit kan ook op 'n gemeente se vorm vir nuwe intrekkers ingesluit word.

Elke gemeente moet 'n inligtingsbeampte by die Inligtingsreguleerder registreer. Daar is tans nie meer 'n sperdatum gekoppel aan hierdie vereiste nie, aangesien die Inligtingsreguleerder se databasis onlangs 'n oorlading van aansoeke ontvang het toe talle inligtingsbeamptes op dieselfde tyd probeer registreer het. Sodra die stelsel weer behoorlik funksioneer, sal kennisgewings uitgestuur word. Ons beveel aan dat nuusbronne soos Netwerk24 of Maroela Media doggehou word vir die nuutste inligting.

Dit beteken egter nie dat 'n gemeente aan hul eie verantwoordelikheid ten opsigte van gemeentelike administrasie kan ontkom nie. Elke kerkraad is verplig om behoorlik ondersoek in te stel na die maniere waarop hulle persoonlike inligting insamel en bewaar, en toepaslike besluite te neem om die gemeente te beskerm.

Daar is tans talle bronne wat POPIA bespreek – soms is die artikels sinvol, maar dikwels lei dit tot inligtingsoorlading. Die wetgewing kan ingewikkeld en verwarrend wees. Ons beveel daarom aan dat elke kerkraad by die genoemde agt sleutelpunte begin, 'n inligtingsbeampte aanwys en 'n inligtingsbeleid formuleer. Dit is belangrik om alles te dokumenteer – lidmate se toestemming, kommentaar en selfs versoeke om inligting te vernietig. Maak seker hierdie dokumentasie word elektronies geliasseer en veilig bewaar.

Navrae kan na [data@nhk.co.za](mailto:data@nhk.co.za) gestuur word.

Meer inligting oor die wetgewing is beskikbaar by <https://popia.co.za/>.

## Voorwaardes vir die versameling en berging van persoonlike inligting

1. Die gemeente moet sekermaak dat persoonlike inligting **regmatig bekom en veilig geprosesseer** word.
2. Die gemeente moet kan motiveer **waarom** die persoonlike inligting **versamel** word. Lidmate moet verstaan watter inligting versamel en geprosesseer word, en vir watter doeleindes. Daar is dus 'n beperking op die soort en hoeveelheid persoonlike inligting wat versamel mag word, en die gemeente moet verseker dat die inligting veilig bewaar word en nie vir 'n ander doel aangewend word nie. 'n Gemeente kan dus nie lidmaatinligting aan 'n borg gee of aan 'n maatskappy verkoop nie.
3. Inligting mag **net vir 'n kerklike doel** geprosesseer word en mag nie langer as nodig bewaar word nie.
4. Die **aanwending** van persoonlike inligting moet altyd ooreenstem met die oorspronklike redes waarvoor dit ingesamel is.
5. Die gemeente moet verseker dat persoonlike inligting **volledig en akkuraat** is en gereeld **opgedateer** word.
6. Die gemeente moet lidmate **openlik inlig** oor die inligting wat versamel word.
7. Die gemeente moet verseker dat persoonlike inligting **vertroulik gehou** word deur behoorlike IT- en inligtingsbewaringstrukture in plek te stel. Indien die veilige bewaring van private inligting ooit in die gedrang sou kom, moet al die betrokke lidmate onmiddellik daarvoor ingelig word.
8. Lidmate moet te eniger tyd toegang kan kry tot hul inligting om items te wysig of te vernietig.

## Lief en leed

- **Prop EJM (Mathilda) Sharp** (55) is Vrydagoggend 25 Junie in Moot-hospitaal oorlede weens Covid-19. Sy het ongeveer 'n maand gelede 'n galblaasoperasie ondergaan, en het ook ander gesondheidsrisiko's gehad. Mathilda het al die jare in die administrasie van Steve Biko-hospitaal gewerk, ook tydens haar studiejare. Sy is op 30 November 2017 gelegitimeer en was beroepafwagter. Mathilda word oorleef deur onder meer haar dogter, twee seuns, vyf kleinkinders, haar ma, suster en twee broers. Die begrafnisdiens sal Woensdag 7 Julie om 10:00 plaasvind. Ons innige meelewing gaan aan Mathilda se familie.



- **Mev CJ (Cecilia) Prins**, weduwee van prof SJ (Fanie) Prins wat in 1997 oorlede is, is op 3 Junie in die ouderdom van 89 jaar oorlede. Teen die einde van haar lewe het sy in die versorgingseenheid van die Soetdorings-aftreeoord in Sinoville, Pretoria gewoon. Die teraardebestelling is op 9 Junie gedoen deur dr Thinus van Staden. Weens die sameloop van omstandighede as gevolg van die Covid-19-pandemie was dit nog nie moontlik om 'n gedenkdiens te hou nie. Ons innige simpatie gaan aan mev Prins se familie.
- **Mev Babs Redelinghuys** (89), vrou van emerituspredikant ds MJ (Martyn) Redelinghuys en moeder van ds FJ (Frans) Redelinghuys van Sasolburg, het skielik erg verswak. Sy woon in Standerton. Ons bid haar familie die Heer se krag toe in hierdie moeilike tyd.
- **Ds CJ (Johan) Bezuidenhout** van Ermelo-Suid **se ouers** (Rustenburg-Suid) is tans albei ernstig siek, en het boonop nou ook Covid-19 opgedoen. Sy vader, jare lank kerkraadslid, het beroerte gekry nadat hy reeds baie lank 'n stryd voer met kanker. Sy moeder, **mev Attie Bezuidenhout**, voorsitter van die NHSV van Gemeente Rustenburg-Suid en streeksekretaresse, is saam met haar man in die hospitaal opgeneem. Sy het verlede jaar drie keer hartstilstand gehad en is dus 'n hoërisikopasiënt. Al die persone wat gehelp het om die egpaar by die hospitaal te kry, moet nou selfsoleer. Ons bid die familie die Heer se ondersteuning en genade toe in hierdie uiters stresvolle tyd.



Mev Babs  
Redelinghuys

- Steeds stroom die berigte in van predikante, lidmate en hul naasbestaendes wat met Covid-19 gediagnoseer is, ernstig siek is of reeds besig is om te herstel: **ds GDJ (Gert) MacDonald** (Nelspruit); **ds PS (Petrus), Willemien en klein Wim Dreyer** (Seestergemeente Brackenhurst); **ds IJ (Jaco) en Quenunca Vogel**, lidmate **Danie en Marietjie du Preez en hul dogter Mariska** (Rooihuiskraal); **ds AJ (Attie) Hattingh** (Krugersdorp-Noord); **ds CAA (Tiaan) Loedolff** (Vaalwater) en sy vader – laasgenoemde is pas in die hospitaal opgeneem; en lidmate **Gawie en Mercia Viljoen** (Montana). Die Viljoen-egpaar is in die Midmed-hospitaal in Middelburg opgeneem toe hulle by hul dogter Lizette Prinsloo gekuier het. Intussen raak dit al hoe moeiliker vir ons predikante om die hartseer en angs te hanteer, veral omdat hulle in baie gevalle nie veel meer kan doen as om 'n onpersoonlike roudiens te lei nie. **Ons vra voorbidding** vir al ons lidmate wat worstel met siekte en onsekerheid, maar ook vir ons leraars wat dikwels erg blootgestel is en die lyding van soveel mense met hulle moet saamdra.
- Die **roudiens vir dr Hannes en Ibel Beukes** (oorlede op 18 Maart 2020) op **7 Julie om 11:00 in Bethal** kan by <https://youtu.be/zBoj0VVJ1C4> gevolg word. Die diens word gelei deur ds Etienne Fourie van Gemeente Kempten.
- **Die volgende predikante verjaar tot 9 Julie 2021, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 1 Julie: Di M (Marlize) Gasson (39) (Benoryn) en M (Maryka) Potgieter (38) (Witfield)
  - Vrydag 2 Julie: Dr MJ (Martin) Jansen van Rensburg (54) (Delmas)
  - Saterdag 3 Julie: Ds (Waldo) Pretorius (26) (Kuruman-kombinasie)
  - Maandag 5 Julie: Ds C (Carusta) van der Merwe (38) (beroepafwagting)
  - Donderdag 8 Julie: Ds GJ (Geo) Smit (60) (Potchefstroom-Suid)

## Gemeentes en bediening

- **Die Sinodale Dienssentrum is met ingang van 28 Junie volledig gesluit vir twee weke. Alle personelede werk van die huis af en kan op hul selfone of via 012 322 8885 bereik word.**
- **POPIA tree op 1 Julie 2021 in werking.** Hoe moet gemeentes voldoen aan die bepalings van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Popia)? Kry [hier](#) al die nodige inligting en belangrike dokumente.
- **NHKA reageer op omstrede PEPUDA-wetgewing.** Die NHKA het pas beswaar aangeteken by die Direkteur-generaal van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling oor die voorgestelde wysigingswetsontwerp rakende die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie (PEPUDA). Lees die Kerk se volledige voorlegging [hier](#). Navrae oor die Kerk se voorlegging kan gerig word aan dr Johan van Staden by [vanstadenjohan@gmail.com](mailto:vanstadenjohan@gmail.com).
- **Gemeente Alberton** se vorige telefoonnommer by hul kerkgebou (011 869 7007) en die faksnommer (086 659 8550) bestaan nie meer nie; net die selfoonnommer 071 723 0423 funksioneer tans. Die sekretariële beampte, mev Marinda Hartzler, kan bereik word by die selfoonnommer 071 723 0423.
- **Oudl Johan Kruger**, sekretariële beampte, skriba en skriba vir registrasie van Gemeente Port Elizabeth, verhuis binnekort na Jeffreysbaai. Sy e-posadres, [jpk6351@mweb.co.za](mailto:jpk6351@mweb.co.za), kan dus nie meer gebruik word vir korrespondensie met die gemeente nie. Die e-posadres [nhkpe@absamail.co.za](mailto:nhkpe@absamail.co.za) verval ook. Die gemeente se nuwe e-posadres is [portelizabeth@nhk.co.za](mailto:portelizabeth@nhk.co.za).
- **Natasha Ayres** is 'n aflos-orrelis wat beskikbaar is vir begrafnisse en ander dienste. Sy begelei by agt verskillende NHKA-gemeentes in Pretoria, op 'n *ad hoc*-basis. Tot onlangs het sy tydens die eredienste by Gemeente Witfontein (di Jimmy Manders en Janine Bevolomanders) gehelp, maar weens die pandemie is hul dienste tans slegs aanlyn. Kontak haar by [nats.ayres@gmail.com](mailto:nats.ayres@gmail.com) of 081 431 9897.



Oudl Johan Kruger

- Besoekers kan afspraak maak met **ds C Johann de Bruin** om ons Kerkmuseum, die **SP Engelbrecht-museum**, in Eloffsdal, Pretoria te besoek. Skakel of stuur 'n WhatsApp-boodskap na 082 733 3951. Die Museum word per afspraak oopgemaak; reël net 'n dag of twee vooraf. R25 per persoon.



## Studeer Teologie in 2022

Matrikulante en enige ander belangstellendes wat graag predikante in die Hervormde Kerk wil word en in 2022 Teologie wil studeer, is welkom om nou aansoek te doen om as student van die Kerk te studeer.

Die evaluasiegesprekke sal in die laaste week van Julie 2021 plaasvind. Aansoeke moet die Kuratorium asseblief nie later nie as 23 Julie 2021 bereik.

Kry aansoekvorms by die voorsitter van die Kuratorium dr Rudy Denton ([rudydenton@outlook.com](mailto:rudydenton@outlook.com)) en mev Clarika Hattingh ([clarikah@nhk.co.za](mailto:clarikah@nhk.co.za)).



- **Vakante werkrumte vir die samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynepos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevoertuig.

**Aansoeke** moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan [njssteenekamp@gmail.com](mailto:njssteenekamp@gmail.com). Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

## Vergaderings

- Dinsdag 6 Julie: TOIBO Dagbestuur en Kantoovergadering

## Toerusting

Maar 'n takkie sal spruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra. (Jes 11: 1)

## VTT/VTK 2021

### Heilige veerkragtigheid – hoop vir 'n getraumatiseerde gemeenskap

- 'n Kerklike blik op kollektiewe trauma deur prof Wim Dreyer
- 5 Julie 09:00 tot 10:30 of 6 Julie 19:00 tot 20:30
- 10 VBO-krediete

Zoomskakel: <https://us02web.zoom.us/j/4502811960?pwd=dWRGZHpYelBrWFplajQrQVY4Z0cydz09>  
Wagwoord: HTK

## 'n Gedig

### Lamplig


Ek vra om daarvan bewaar te word:  
dat ek jou weer moet sien  
soos tóé. Ek wil nie weet van die lig  
wat om jou opgeslaan het nie. Jou hare was te fyn,  
te wit. Wat hét jy bedoel daarmee  
om na my te kyk? Die oomblik was 'n donker-  
te. En die lampe – die vermetelheid. Om déúr  
jou dun bos witterige hare deur te skyn,  
na my. Ek wil hê dit moet verbygegaan wees.  
Jy mag nie daar wees waar die lamplig  
jou sal tref nie; ek mag ook  
nie daar wees nie.  
Ons is elders, byvoorbeeld, hier  
waar dit nou alles nie meer sal gebeur nie  
sodat ons ook dié gedig kan verbeur  
en niks daarvan te sê kan hê –  
nie meer nie  
Dit is nou  
wat ek van praat, want ek  
het net hierdie een deurskynende liggaam  
om in te betaal. Teen jou.

### Petra Müller

(Uit: *Die aandag van jou oë*, 2002)

[Petra Müller 27 Julie 1935 – 25 Junie 2021]

## Kerklike publikasies

- 
- In die **Julie 2021-uitgawe van *Die Hervormer*** skryf **ds Dries Beukes** oor die vrees waarmee die meeste mense tans worstel. 'n Gesaghebbende, **dr Johan Venter**, verduidelik die werking van vaksiene en benadruk dat uitgebreide mediese navorsing oor baie jare die grondslag van entstowwe vorm. **Ds Johan Ayres** deel met ons sy liefde vir fotografie, en **dr Piet van Staden** van Stellenbosch/Worcester wys ons op die samewerking tussen spreker en hoorder wat kan lei tot 'n toename in kennis en insig. Die **Julie 2021-uitgawe van *Die Hervormer*** is die derde uitgawe wat vanjaar gedruk word. Die drukwerk geskied tans *ad hoc*, afhangende van die Covid-inperkingsvlakke, en hierdie uitgawe is gedruk voordat die Vlak 4-inperking aangekondig is. Die artikels van elke uitgawe word **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes gestuur.

## Barmhartigheid

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakke bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**  
Kieserstraat 126, Rietondale  
Een enkelwoning te koop teen R510 000  
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000  
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000  
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000  
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand  
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544  
[Seniordalpta@gmail.com](mailto:Seniordalpta@gmail.com)

## Allegaatjie

“Ek skryf oor eenvoudige goed en hoop dat my kleinkinders eendag belang sal stel in my stories. Ek het nie ’n goeie verhouding met die dood nie, maar ek sien ek gaan nie hierdie oorlog wen nie. Mens probeer om die dood te omseil met mens se skryfwerk.” (Petra Müller, LitNet: Skrywersprofiel; oorlede 25 Junie 2021)

## Fondsinsamelings

- **Gholfdag ten bate van Kinderbeskerming.** Rata Maatskaplike Dienste nooi u om in te skryf en **24 Augustus** saam met ons te kom geniet by **Silver Lakes, Pretoria**. Ons nooi gemeentes om hul gholfentoesiaste aan te spoor om spanne vir die gemeente of hul besighede in te skryf. WhatsApp GHOLF na 064 437 5997 en ons sal die nodige inligting deurstuur. Annelie Flanagan kan ook gekontak word vir navrae, by [info@rata.org.za](mailto:info@rata.org.za).
- **Gemeente Oos-Londen: Word ’n affiliaal van Nguni Gifts**  
Verdien 2- tot 7%-kommissie  
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings  
Stuur ’n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit  
[larry@nguni-gifts.co.za](mailto:larry@nguni-gifts.co.za)  
WhatsApp 072 020 8911

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word.** (*Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.*) Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed van die weerloses

Here, ons lees in Genesis die geloofsbelydenis  
van hulle wat alleen in 'n vreemde land  
U as Skepper-God bely het,  
en troos gevind het in u verbondenheid met hulle.  
Ons lees van die siklus van u skepping:  
“Dit het aand geword en dit het môre geword.  
Dit was die volgende dag.”

En ons bely dit ook: Ons sien so uit na die sewende dag – die rusdag.  
Die dag waarop die skepping asemhaal.  
Die dag waarop mens en kosmos versoen word.  
Die dag waarop een siklus eindig en 'n volgende horison wink.  
Maar Here, die sewende dag – die rusdag – kom nie!  
Dit wil nie aanbreek nie.  
Die virus van ons tyd se ritme oorheers  
en die golwe spoel – en breek – al hoe nader aan ons.  
In hierdie tyd, vra ons, saam met die gelowiges van alle tye,  
vir genade op genade  
vir vrede wat verstand te bowe gaan.  
Niks meer en niks minder as dit nie, Here.  
Ons vra dit in al ons weerloosheid.  
Amen.

**Dr Tanya van Wyk**  
Universiteit van Pretoria